

IN KRITIESE - HISTORIESE
OORSIG VAN
DIE EKSAMEN - EN INSPEKSIE
STELSELS IN DIE TRANSVAAL
1900 TOT 1940.

N. VAN DER WALF, M.ED.

VOORGELE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
VIR DIE GRAAD D. PHIL.

NOV. 1944.

I. N H O U D .

Bladsy

VOORWOORD i - iii.INLEIDENDE HOOFSTUK 1 - 38.A. Die Filosofie van Eksamens.

1. Algemeen, 1.
2. Aard van die verskillende soorte Eksamens: (a) Opstel-tipe, 6. (b) Geykte skolastiese toetse, 10. (c) Die nuwe eksamen, 12. (d) Eksterne eksamens, 13. (e) Interne eksamens, 18.
3. Die ideaal i.v.m. eksamens, 19.
4. Eksamens in ander lande: (a) Engeland, 21. (b) Die Verenigde State, 24. (c) Frankryk, 26. (d) Duitsland, 27.
5. Eksamens in die Transvaal, 27.

B. Inspeksie.

1. Die benaming "Inspekteur" onbevredigend, 28.
2. Inspeksie in die Transvaalse Onderwys, 29.
3. Die ideale inspekteur: (a) Verhouding tot hoof, 31. (b) Die inspekteur moet 'n leier wees, 31. (c) Hy moet 'n raadgewer en vriend van onderwysers wees, 31. (d) Hy moet 'n student bly, 32. (e) Hy moet objektief en wetenskaplik te werk gaan, 33. (f) Hy moet uit die onderwys groei, 34. (g) Hy moet met Skoolraad saamwerk, 34. (h) Hy moet in voeling met die publiek bly, 34.

C. Plan van die huidige Onderzoek.

1. Waarde van so'n ondersoek, 36.
2. Bronne, 36.
3. Indeling in Hoofstukke, 37.

HOOFSTUK I: 1900 - 1906, Kroonkoloniale Bestuur39 - 80.

1. Inleiding, 39.
2. Laer onderwys: (a) Oprigting van kampskole, 40. (b) Inspekteurs en inspeksie, 41. (c) Eksamens, 50. (d) Ord. no. 7 van 1903, 51. (e) Die twee tale, 52. (f) Algemene toestande, 55. (g) Plaaslike beheer, 57.
3. Middelbare onderwys begin: (a) Soorte skole, 58. (b) Regulasies vir eenvormigheid, 59. (c) Eksamens, 64. (d) Inspeksie deur Komitees, 66.
4. Opleiding van onderwysers noodsaaklik, 67. Regulasies vir Normalskole, 68.
5. C.M.C.-skole opgerig, 70.
6. Naturelle-onderwys onder die T.O.D. gebring: (a) Staatsondersteunde skole, 72. (b) Inspeksie deur die departement, 73. (c) Eksamens, 74.
7. (a) Samevatting, 74. (b) Gevolgtrekkings, 77.

HOOFSTUK II: 1907 - 1910, Verantwoordelike Bestuur ...81 - 112.

1. Inleiding, 81.
2. Laer onderwys op vaste voet gebring: (a) Onderwyswet no. 25 van 1907, 82. (b) Inspekteurs en inspeksie, 87. (c) Vordering van die twee tale, veral Hollands, 90. (d) Eksterne eksamens vermeerder, 92. (e) Algemene toestande beter

- in dorpe en stede as op platteland - vooruitgang, 95.
3. Middelbare onderwys toon vooruitgang: (a) Inspeksie, 97. (b) Regulasies om middelbare onderwys tot vroeë adollessensie te beperk, 97.
 4. Opleiding van onderwysers uitgebrei: (a) Algemeen, 101. (b) Regulasies, 102. (c) Eksamens, 104.
 5. C.N.C.-skole in die staatstelsel opgeneem, 105.
 6. Naturelle-onderwys vorder, 106.
 7. (a) Samevatting, 108. (b) Gevolgtrekkings, 110.

HOOFSTUK III. 1910 - 1918, Provinsiale Bestuur I .. 113 - 177.

1. Inleiding, 113.
2. Laer onderwys - groot vooruitgang: (a) Die taalvraagstuk nader sy oplossing, 114. (i) Die Rissik-ordonnansie, 115. (ii) Die invoering van Afrikaans as voertaal i.p.v. Hollands, 119. (b) Leerplanne vereenvoudig en gedifferensieer, 122. (c) Oorgang tussen laer en middelbare skool nog onopgelos, 126. (d) (i) Inspekteurs - vermeerdering van hulle werk, 128. (ii) Inspeksiewerk - verandering van insigte daaromtrent, 132. (e) Eksamens - skole oorvoer daarmee, 137. (f) Algemene toestande - verhoging van onderwyspeil, 144.
3. Middelbare onderwys brei uit - vry middelbare onderwys: (a) Hoërskole beter as middelbare afdelings; verdubbeling van eersgenoemde, 147. (b) Regulasies - verbeterde leerplanne, 149. (c) Eksamens - instelling van die G.M.R., 153.
4. Opleiding van onderwysers verbeter: (a) Regulasies, 157. (b) Eksamens toon swak resultate, 162. (c) Minder studente as gevolg van verlengde opleidingskursus, 162.
5. Naturelle-onderwys: (a) Algemene gestadige vooruitgang, 164. (b) Peil van werk in skole nog baie swak, 166. (c) Industriële onderrig, 166. (d) Geboue en uitrusting ondoeltreffend, 167. (e) Nuwe leerplan, 167. (f) Inspeksie ondoeltreffend in hande van distriksinspekteurs, 169.
6. (a) Samevatting, 169. (b) Gevolgtrekkings, 174.

HOOFSTUK IV. 1919 - 1927, Provinsiale Bestuur II . 178 - 242.

1. Inleiding, 178.
2. Laer onderwys verkry 'n mate van vryheid: (a) Inspekteurs en inspeksie - gelyktydige oorplasing ingevoer i.p.v. individuele inspeksie, 180. (b) Eksamens bly in volle swang; verstandstoetse maak opgang, 187. (c) Die twee tale - Afrikaans ingeburger, 196. (d) Algemeen: (i) Statistieke - inskrywings neem toe, 200. (ii) Onderwyserskwalifikasies verbeter, 201. (iii) Onderwys en opvoeding, 201. (iv) Sentralisasie geniet meer aandag, 204.
3. Intermediere skole: Oprigting geen sukses nie, 205.
4. Middelbare onderwys brei geweldig uit: (a) Algemene groei, 207. (b) Inspeksie, 212. (c) Die Transvaalse Middelbare Skoolsertifikateksamen gelykwaardig aan matrikulasie, 216.
5. Opleiding van onderwysers grootliks verbeter: (a) Gekombineerde kursus, 225. (b) Gehalte van werk nog onbevredigend, 228. (c) Vooruit-

- gang - rekord inskrywings, 229.
6. Naturelle-Onderwys: (a) Algemene Vooruitgang duur voort, 230. (b) Inspekteurs vir naturelle-onderwys aangestel, 231. (c) Geboue en uitrusting onbevredigend, 232. (d) Werk in skole - boekgeleerdheid verkies bo handwerk, 234.
 7. (a) Samevatting, 236. (b) Gevolgtrekkings, 240.

HOOFSTUK V. 1928 - 1940, Provinsiale Bestuur, III. 243-327.

1. Inleiding, 243.
2. Mondigwording van Laer Onderwys: (a) (i) Inspekteurs, 245. (ii) Inspeksie van klasse i.p.v. individue; oorplasing in bande van hoofde; rapporte deur hoofde; ander werksaamhede van inspekteurs, 248. (b) Die twee tale - Afrikaans as voertaal neem toe, 263. (c) Alle Eksterne eksamens afgeskaf, 266. (d) Algemene vordering verblydend, 276.
3. Intermediere Skole: (a) Nuwe ontwikkelings volg op verhoogde leerplig, 279. (b) Eksamens strem die vryheid van die junior hoerskole, 281.
4. Middelbare Onderwys toon min pedagogiese vordering: (a) Algemene vordering t.o.v. inskrywing, 284. (b) Inspeksie - Inspeksie van middelbare onderwys onder distriksinspekteurs geplaas, 285. (c) Die eindeksamen van die middelbare skool - gebreke en voorstelle tot verbetering, 287.
5. Opleiding van Onderwysers - Vrywording van die opleidings-inrigtings: (a) Regulasies, 301. (b) Professionele eksamens eers verlig en toe afgeskaf, 303. (c) Inspeksie ingevoer, 305.
6. Naturelle-onderwys - geweldige uitbreiding: (a) Algemene vooruitgang, 306. (b) Geboue en Uitrusting op vaste grondslag verbeter, 308. (c) Inspekteurs - aantal vermeerder, 308. (d) Skoolwerk - handwerk maak opgang; groot verandering t.o.v. tale, 310. (e) Eksamens en opleiding, 312.
7. (a) Samevatting, 313. (b) Gevolgtrekkings, 319. (c) Suggesties, o.a. 'n skema vir die totale afskaffing van die T.M.S.S.E., 321.

HOOFSTUK VI. Samevatting, Gevolgtrekkings en Suggesties. 328-398

1. Inleiding, 328.
2. Laer Onderwys: (a) Skole en leerlinge (i) Wette en ordonnansies, 331; (ii) leerplanne, 332; (iii) leerplig, 335; (iv) oorgang na middelbare skool, 337; (v) werk in die skole, 340; (vi) statistieke, 342. (b) Die taalvraagstuk, 342. (c) Inspekteurs en hulle werk, 347. (d) Eksterne eksamens, 354. (e) Toetse, 359.
3. Intermediere Onderwys: (a) Intermediere skole, 361. (b) Junior hoerskole, 363. (c) Skoolplase, 364.
4. Middelbare Onderwys: (a) Soorte skole, 365. (b) Regulasies, 369. (c) Inspeksie, 371. (d) Eksamens, 374.
5. Opleiding van Onderwysers: (a) Gebrek aan opgeleide onderwysers en hoe daarin voorsien is, 380. (b) Oprigting van Normaalkolleges, 380. (c) Regulasies, 383. (d) Eksamens, 386. (e) Inspeksie, 388.
6. Naturelle-Onderwys: (a) Staatsondersteunde skole, 389. (b) Opleiding van Onderwysers, 391. (c) Inspekteurs en hulle werk, 393. (d) Werk in die skole, 395. (e) Geboue en uitrusting, 397.

<u>Tabel.</u>	<u>Bladsy.</u>
I. Persentasie Transvaalse Onderwysers wat volledige sertifikate besit het, 1907 tot 1910.	96.
II. Aantal Kandidate Ingeskryf en Geslaag vir die Transvaalse Laersertifikaat- en die Skoolsertifikaat-eksamens, 1904-1910.	100.
III. Aantal Transvaalse Kandidate Ingeskryf en Geslaag vir die Matrikulasie-eksamen, 1904 - 1910.	101.
IV. Persentasie Leerlinge met Verskillende Media gedurende Jare 1911-1934.	116.
V. Medium van onderrig in die Transvaalse Skole aan die einde van 1918.	121.
VI. Eksamenuitslae T.O.D. St. VI en VII, 1910-1918.	140.
VII. Aantal Leerlinge Ingeskryf in Transvaalse Laerskole, 1910-1918.	146.
VIII. Aantal Onderwysers in Alle Blanke Skole in die Transvaal 1910-1918.	146.
IX. Gemiddelde Inskrywing in Middelbare Skole en Afdelings in die Transvaal 1911-1918.	149.
X. Aantal Transvaalse Kandidate Geslaag in die Matrikulasie en Senior Sertifikaat eksamen, 1911-1918.	155.
XI. Aantal Kandidate en Geslaagdes in die Transvaalse Skoolsertifikaat-eksamen 1911-1918.	157.
XII. Vooruitgang van Naturelle-Onderwys in die Transvaal 1911-1918.	165.
XIII. Laerskoolsertifikaat-eksamen (st. VI) in die Transvaal 1919-1926.	191.
XIV. Aantal Laerskole, Leerlinge en Onderwysers in die Transvaal, 1919-1927.	200.
XV. Gemiddelde Inskrywing in Middelbare Skole in die Transvaal, 1918-1927.	209.
XVI. Aantal Kandidate en % Geslaag in Vorm IV in die Transvaal, 1918-1927.	223.
XVII. Aantal Kandidate en % Geslaag in Vorm V in die Transvaal, 1918-1927.	223.
XVIII. Vooruitgang van Naturelle-Onderwys in die Transvaal, 1919-1927.	230.
XIX. Verdeling van Leerlinge volgens voertaal in Transvaalse Skole, 1928-1940.	265.
XX. Laerskoolsertifikaat eksamens en Beurseksamen 1933-1940.	270.
XXI. Persentasie Onderwysers in alle Transvaalse Skole, uitgesonderd Naturelleskole, Gesertifiseerd, 1927- 1940.	276.

<u>Tabel.</u>	<u>Bladsy.</u>
XXII. Gemiddelde Jaarlikse Inskrywing in Transvaal- se Middelbare Skole, 1928-1940.	285.
XXIII. Uitslae van die T.M.S.S.E., 1928-1940.	287.
XXIV. Persentasie Studente Geslaag in Verskillende Universiteitsvakke, 1934-1939.	292.
XXV. Naturelle-Onderwys in die Transvaal, 1928-1940.	307.
XXVI. Aantal Skole met Middelbare Afdelings en Aantal Hoërskole in die Transvaal., 1903-1921.	366.
XXVII. Toename van die Aantal Ondersteunde Naturel- leskole in die Transvaal, 1905-1940.	390.

Eksamen en inspeksie speel vandag nog 'n belangrike rol in ons onderwysstelsel en gevolglik in ons skoollewe, hoewel nie in dieselfde mate as vroeër nie aangesien die meeste ekssterne eksamens onlangs in die Transvaal opgehef is, nl. in die laerskool en in die opleidingskollege.

As die leerlinge 'n openbare eksamen moet aflê, of selfs 'n interne eksamen waarby ook die hoof en klasonderwysers sal optree, hou die onderwyser altyd minstens die een oog op daardie eksamen, en sy klaswerk weerspieël hierdie houding. Word die inspekteur verwag, dan word alles in gereedheid gehou vir sy besoek. Verslagboeke, werkskenas en ander stukke wat altyd wel in orde is, word met dubbele sorg bejaën; die leerlinge word aangemoedig om hulle skrifte so net as moontlik te hou, ja, sommige onderwysers hou spesiale skrifte vir die leerlinge daarop na om aan die inspekteur voor te lê; alles word in die werk gestel om die beste indruk op die inspekteur te maak. Dit kan ook nie anders as dat eksamens en inspeksie 'n groot rol in die lewe van 'n onderwyser speel nie, want van die uitslae daarvan hang sy reputasie, en meestal selfs sy toekens af. 'n Goëie rapport van die inspekteur of (in die Transvaal vanaf 1935) van sy hoof, kan vir hom die weg tot promosie baan. Daarby voel 'n konsensieuse onderwyser dat van hom wel rekenskap van sy rentmeesterskap geëis kan word, en dat eksamenuitslae en inspeksierapporte die gehalte van sy rentmeesterskap openbaar, hoewel nie altyd ten regte nie.

As eksamens en inspeksie so 'n verneme rol in die onderwysstelsel gespeel het en nog speel, is dit duidelik dat die geskiedenis van die onderwys nie volledig kan wees sonder die geskiedenis van die eksamen- en inspeksiestelsel nie. Interessante lig word op die hele onderwyswese gewerp deur 'n studie van eksamens en inspeksie wat meer diepgaande is as wat in 'n gewone geskiedenis van die onderwys aangedurf kan word. As die hele geskiedenis in oorsig geneem moet word, is daar soveel aspekte waaraan aandag geskenk moet word, dat slegs weinig

mandag aan elkeen gegee kan word. Dit is derhalwe die bedoeling om in hierdie werk 'n diepgaande studie van hierdie twee verwante sake te maak, hoewel die twee sake uiteraard nie van die geheel losgemaak kan word nie, en die hele geskiedkundige agtergrond in hooftrekke beskou sal moet word, maar altyd in verhouding tot die twee hoofsaake.

Eksamen en inspeksie is geen teenstrydige begrippe nie, maar vul mekaar juis aan. Inspeksie is baie breër as eksaminering. Die laasgenoemde sluit net die vrug van onderrig in; die eersgenoemde sluit dit in, maar ook nog baie meer - die beoordeling van die bekwaamheid van die onderwyser, die doeltreffendheid van alle opvoedkundige faktore waaronder ook opbou, uitrusting, ens., asook inspirasie, en raadgewing. Eksaminering, hoewel enger, is noukeuriger as inspeksie. Gedurende ongeveer die eerste kwart van die twintigste eeu was die inspekteur in die Transvaal dan ook tegelykertyd die eksaminator van die laerskool, daar hy tydens sy inspeksiebesoeke die leerlinge individueel geëksamineer en oorgoplaas het. Vir etlike jare daarna het die inspekteurs nog alle oerplasinge in die laerskole gekontroleer hoewel die grootste deel van die werk deur eksamenkomitees, bestaande uit onderwysers, gedoen is.

Die studie begin by die jaar 1900. Met die wisseling van die eeu het daar in die Transvaal 'n algemene breuk met die verlede gekom. Die hele onderwysstelsel is as gevolg van die oorlog ontwrig en nooit weer in sy vroeër vorm herstel te word nie. In sy plek het daar 'n hele nuwe stelsel ontstaan met nuwe hoofde van departemente, nuwe inspekteurs, grotendeels nuwe onderwysers, en nuwe stelsels ook t.o.v. eksamens en inspeksie. Nuwe klasboeke is ingevoer en 'n nuwe medium is gebruik. Uit daardie nuwe stelsel het, deur gestadige ontwikkeling en groei, die huidige Transvaalse stelsel te voorskyn gekom.

In Suid-Afrika is daar nog tot dusver geen diepgaande ondersoek na die eksamenstelsel ingestel nie, soos wel in sommige ander lande. In Amerika het manne soos¹⁾ J.M. Cattell (1905), E.L. Thorndike (1906), D. Starch en E.C. Elliott (1912)

uitgebreide proefneemings onderneem en statistiese metodes begin aanwend wat afdoende bewys gelewer het van die onbetroubaarheid van eksamens soos toe in gebruik.¹⁾ In Engeland het daar sedert 1930 'n ontwaking gekom onder die leiding van mense soos Hartog, Sadler, Valentine e.a. Verskeie konferensies oor eksamens is gehou, navorsingswerk op groot skaal gedoen en talle boeke gepubliseer²⁾. Indien eksamens in ander lande van soveel belang beskou is, is daar geen verontskuldigings nodig vir 'n geskiedkundige ondersoek soos die huidige nie.

Afgesien van die verskillende hoofstukke waarin die tydperk onder beskouing behandel word, is die noodsaaklikheid gevoel om 'n Inleidende Hoofstuk by te voeg waarin die oue sowel as die nuwe opvattinge i.v.m. eksamens en inspeksie in die Transvaal sowel as in ander lande kortliks geskets word. Dit sluit die aard van eksamens en inspeksie in, hulle verdienstes en gebreke, hulle plek in die onderwysstelsel, en die ideaal waarna gestreef moet word. Sodoende ^{word} ~~is~~ daar aan die begin 'n maatstaf gegee waaraan latere ontwikkelings steeds getoets kan word.

Ten slotte wil ek my hartlike dank uitspreek aan my promotor, prof. dr. J. Chr. Coetzee, vir sy uiters waardevolle leiding, en voorts aan alle persone met wie ek onderhoude gehad het, veral die here A.K. Bot, J.J. Strasheim, J.G. Brink, P.J. Hattingh (T.O.) en H.A. Jack (T.T.A.) asook aan diegene van die Cu Garde wat op my vraebus geantwoord het.

Johannesburg, Okt. 1944.

N.v.d. Walt.

1) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S., bl. 58 - 61.

2) Kyk bl. 23 infra en Bibliografie.